



DASSIE DINGE

1 – 2026/01/15

Geagte Inwoners,

Die jaar het met 'n knal begin. Dit is belangrik om hier aan die begin van 2026 'n aantal sensitiewe maar belangrike aspekte onder u aandag te bring en met u te deel. Ons wil graag die jaar positief aanpak en almal se samewerking en ondersteuning vra sodat ons Bronberg aangenaam vir al ons inwoners kan maak.

1. ESTETIKA:

Dit voel of ons hierdie tyd van die jaar altyd 'n agterstand met ons tuine het om in te haal. Die baie vakansiedae in Desember en die goeie reën wat ons ontvang het, plaas ons altyd onder druk met dinge soos onkruidbeheer en plantegroei. Ons Tuindienste is besig met 'n onkruidbeheerskediule en ons vra almal se geduld hiermee. Die uithaal van nog problematiese bome geniet aandag en snoeiwerk aan spesifieke bome en struik is geïdentifiseer. Ons doen ons bes om die agterstande so gou moontlik in te haal.

Ons wil graag 'n vriendelike beroep op u doen om te help om al die plantegroei wat deur heinings groei, sodanig te snoei dat niks by heinings uitsteek nie. Baie dankie vir u ondersteuning hiermee.

2. SPELETJIESKAMER:

Ons herinner almal net weer daaraan dat die gimnasium en speletjieskamer uitsluitlik vir die gebruik van inwoners is. Geen besoekers of kinders word daar toegelaat nie. Ons het ongelukkig gevalle in Desember gehad waar hierdie reël verontagsaam is met die resultaat dat twee van ons trapmeulens gebreek is en daar van die ander toerusting in 'n swak toestand gelaat is. Dit veroorsaak ongerief vir inwoners wat nie nou kan oefen nie en het uiteraard 'n negatiewe koste-implikasie vir die Landgoed. Ons gaan strenger beheermaatreëls instel en sal voortaan beter moniteringstelsels in plek plaas.

3. GEBRUIK VAN SWEMBADDENS:

Ons herinner net weer daaraan dat swembaddens sodanig gebruik moet word dat dit nie 'n steurnis vir ander inwoners of vir ons werknemers is nie. Kinders moet te alle tye deur inwoners vergesel word en geen honde word in swembaddens toegelaat nie. Veral die warm swembad is baie naby ons Sorgsentrum, kantore en woonstelle geleë en gebruikers moet asseblief sensitief wees dat geraasvlakke tot 'n minimum beperk moet word.

4. ONTRUIMINGSPLANNE:

Daar is ontruimingsplanne vir beide die huise en woonstelle. Daar is gedrukte planne beskikbaar, as u nie alreeds een het nie, en dit is raadsaam om dit agter u voordeur op te hang. Al die belangrike inligting tydens 'n noodsituasie word daarop aangedui. Ons beplan om in Februarie weer 'n ontruimingsoefening in die woonstelblokke te doen. Ons sal later in die jaar by die huise 'n oefening doen en in die tweede helfte van die jaar weer by die woonstelle een oefening inpas.

5. MEDIESE DOKUMENTE:

Ek wil nie klink soos 'n ou langspeelplaat wat vasgehaak het nie (ek het 'n langspeelplaat van Jody Wayne wat so lekker by "Patches" vashaak...u kan dink hoe hartseer dit raak!) maar dit is elkeen van ons se plig om seker te maak ons mediese en persoonlike inligting is op datum en agter ons kamer- of voordeur in 'n houer gehang. U nuutste voorskrif moet daarin wees en 'n afskrif daarvan moet ook by die Kliniek ingehandig word. Al u persoonlike inligting moet op datum wees asook u nuutste mediese fonds inligting. Inwoners verander soms van fonds of van opsies binne 'n fonds

sonder om daardie inligting in die houer te plaas. Asseblief, help ons om dit op datum te hou - dit is in elkeen van ons se beste belang.

6. HONDE VAN BESOEKERS:

Dit is deel van ons Gedragsreëls dat geen besoekende honde binne die Landgoed toegelaat word nie. Ons het verlede jaar met die vergunning begin dat sulke honde wel met die nodige toestemming en permit toegelaat sal word. As van u besoekers met 'n hond gaan inkom, is die reëling dat u die nodige aansoek by Ontvangs sal voltooi en by goedkeuring daarvan, sal 'n tydelike permit aan u uitgereik word. Dit sal die deurgaang by Sekuriteit vergemaklik en enige onaangenaamheid van honde wat toegang verbied word, vermy.

7. TOEGANGSBEHEERSTELSEL:

Die nuwe toegangsbeheerstelsel bied vir ons die nodige beheer waarna gestreef is. Daar is ongelukkig nog 'n paar "tandekry" probleme en ons werk daaraan om dit so gou moontlik reg te stel.

Onthou asseblief dat as u as inwoner saam met u besoekers in die motor by die hek met u gesigsherkenning inry, en hulle nie as besoekers geregistreer is nie, kan hulle nie uitgaan nadat hulle u afgelaai het nie. Indien iemand u kom aflaai, is dit wenslik dat hulle deur die Besoekershek registreer en 'n kaart kry, sodat hulle weer met die kaart kan uitgaan. Indien dit nie gebeur nie, skep dit onnodige vertraging by die hek...en humeure wat vuurwarm word!!

8. SOSIALE WHATSAPP-GROEP:

Gebruik asseblief die Sosiale Whatsapp-groep oordeelkundig en met die nodige respek aan al die deelnemers daarvan. Dit is byvoorbeeld taboe om daarop te adverteer, om politieke menings daarop te versprei en om godsdienstige oortuigings te deel. Kom ons kuier net lekker lighartig saam met mekaar as Bronbergers op hierdie groepie!

9. HERWINNINGSAKKE:

Die deurskynende herwinningsakke moet **elke Woensdag** uitgesit word. Moet asseblief nie enige normale huisvullis daarin plaas nie. Elke eenheid wat 'n sak uitgesit het, sal weer een ontvang. Dit gebeur soms dat die verskaffer te min sakke uitdeel. Indien dit met u gebeur, is u welkom om Ontvangs te kontak om u met 'n vervanging te help. Daar was gevalle waar inwoners die betrokke sakke vir normale huisvullis gebruik het. In sulke gevalle gaan die sakke nie vervang word nie. Dit is slegs vir herwinningsmateriaal. Ons het ook gevalle gehad waar inwoners 'n sak uitsit wat nie dieselfde is as die sakke wat die verskaffer uitdeel nie. Sulke sakke gaan ook nie vervang word nie.

Die reël is dus dat die herwinningsak wat uitgedeel word, vir die regte materiaal gebruik word, op Woensdae uitgesit word en dan sal u weer 'n nuwe een ontvang.

10. PANIEKKNOPPIES:

Dit is belangrik dat paniekknoppies beskikbaar moet wees indien u nood ervaar. Dit is ook belangrik dat u dit gereeld laat toets en seker maak dit werk. Verder is dit belangrik dat u op die sms'e wat gestuur word, moet reageer. Gewoonlik word die sms gestuur om u te waarsku dat die battery pap word/is of dat u die toestel moet toets. Reageer asseblief op die versoek van die sms.

Ek beklemtoon net weer dat in gevalle van nood die Kliniekpersoneel gedurende weekdae van 08:00 tot 16:00 sal reageer en die res van die tyd sal die Sorgsentrum se mediese personeel op die uitroep reageer. Elke nooduitroep en aksie wat geneem is, word op rekord geplaas en die Kliniek en Sorgsentrum skakel elke oggend met mekaar om seker te maak dat die beste opvolgsorg aan inwoners gebied word.

En gun my tog die geleentheid om af te sluit met die versoeke dat ons 20km/u ry en by alle stopstrate stop. Dit nou binne Bronberg! As u buite vinniger as 20 wil ry, is u welkom!

Groete,

Alan Snyman



DASSIE DINGE

15 – 2026/01/15

Dear Residents,

The year has started with a bang. At the beginning of 2026, it is important to bring a number of sensitive but important matters to your attention and to share them with you. We would like to approach the year positively and ask for everyone's cooperation and support so that we can make Bronberg pleasant for all our residents.

1. AESTHETICS:

It feels as though at this time of year we always have a backlog in our gardens to catch up on. The many public holidays in December and the good rainfall we received always place us under pressure with matters such as weed control and plant growth. Our Garden Services are busy with a weed-control schedule, and we ask for everyone's patience in this regard. The removal of additional problematic trees is receiving attention, and pruning work on specific trees and shrubs has been identified. We are doing our best to catch up on the backlogs as soon as possible. We would like to make a friendly request that you assist by trimming all vegetation growing through fences so that nothing protrudes beyond the fences. Thank you very much for your support in this regard.

2. GAMES ROOM:

We would like to remind everyone that the gym and games room are exclusively for the use of residents. No visitors or children are allowed. Unfortunately, we had incidents in December where this rule was ignored, resulting in two of our treadmills being damaged and some of the other equipment being left in poor condition. This causes inconvenience for residents who are now unable to exercise and, obviously, has negative cost implications for the Estate. We will be implementing stricter control measures and will be putting improved monitoring systems in place going forward.

3. USE OF SWIMMING POOLS:

Swimming pools must be used in such a way that they do not cause a disturbance to other residents or to our employees. Children must be accompanied by residents at all times, and no dogs are allowed in the swimming pools. The heated pool, in particular, is located very close to our Care Centre, offices, and apartments, and users are kindly requested to be mindful that noise levels must be kept to a minimum.

4. EVACUATION PLANS:

Evacuation plans are in place for both the houses and the apartments. Printed plans are available if you do not already have one, and it is advisable to hang it behind your room or front door. All important information in the event of an emergency is indicated on these plans. We are planning to conduct another evacuation drill for the apartment blocks in February. Later in the year, a drill will be conducted at the houses, and in the second half of the year another drill will be scheduled for the apartments.

5. MEDICAL DOCUMENTS:

I do not want to sound like a stuck old long-playing record, but it is our individual responsibility to ensure that our medical and personal information is up to date and displayed in a folder behind our room or front door. Your latest prescription must be included, and a copy thereof must also be handed in at the Clinic. All your personal information must be up to date, as well as your latest medical aid information. Residents sometimes change medical schemes or

options within a scheme without placing that information in the folder. Please help us to keep this information up to date—it is in everyone's best interest.

6. VISITORS' DOGS:

It is part of our Code of Conduct that no visiting dogs are allowed within the Estate. Last year, we introduced a dispensation whereby such dogs may be allowed with the necessary permission and permit. If any of your visitors are entering with a dog, the arrangement is to complete the required application at Reception, and upon approval, a temporary permit will be issued to you. This will facilitate access through Security and avoid any unpleasant situations where dogs are denied entry.

7. ACCESS CONTROL SYSTEM:

The new access control system provides us with the level of control we have been striving for. Unfortunately, there are still a few teething problems, and we are working to resolve them as soon as possible. Please remember that if you, as a resident, enter the gate with your visitors in the vehicle using facial recognition, and they are not registered as visitors, they will not be able to exit after dropping you off. If someone is dropping you off, it is advisable that they register at the Visitors' Gate and receive a card, so that they can exit again using the card. If this does not happen, it creates unnecessary delays at the gate...and tempers that become red-hot!!

8. SOCIAL WHATSAPP GROUP:

Please use the Social WhatsApp group judiciously and with due respect for all its participants. For example, it is taboo to advertise on the group, to share political opinions, or to distribute religious beliefs. Let's simply enjoy light-hearted interaction together as Bronbergers on this group!

9. RECYCLING BAGS:

The transparent recycling bags must be put out every Wednesday. Please do not place any normal household refuse in them. Each unit that puts out a bag will receive another one. It sometimes happens that the supplier distributes too few bags. Should this happen to you, you are welcome to contact Reception to assist you with a replacement. There have been cases where residents used the bags for normal household refuse. In such cases, the bags will not be replaced. They are for recycling material only. We have also had cases where residents put out a bag that is not the same as the bags distributed by the supplier. Such bags will also not be replaced. The rule is therefore that the recycling bag provided must be used for the correct material, put out on Wednesdays, and then you will receive a new one.

10. PANIC BUTTONS:

It is important that panic buttons are available should you experience an emergency. It is also important that you have them tested regularly and ensure that they are working. Furthermore, it is important that you respond to the SMS messages that are sent. Usually, the SMS is sent to warn you that the battery is flat/low or that the device needs to be tested. Please respond to the request in the SMS.

I would like to emphasize again that in emergencies, Clinic staff will respond during weekdays from 08:00 to 16:00, and for the remainder of the time, the Care Centre's medical staff will respond to the call-out. Every emergency call and action taken is recorded, and the Clinic and Care Centre liaise with one another every morning to ensure that the best follow-up care is provided to residents.

And please grant me the opportunity to conclude with the request that we drive at 20 km/h and stop at all stop streets—here within Bronberg! If you wish to drive faster than 20 km/h, when leaving Bronberg, you are welcome to do so!

Kind regards,

Alan Snyman